Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Lourens de Jager

Area: Addo

T: 083 280 0082 **E: lourens@laeveld.co.za**

Gewasse: Sitrus, groente, rygewasse en pekanneute
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Lourens de Jager is in die dorp Eshowe in KwaZulu-Natal gebore. Sy ouers het later Vrystaat toe getrek en hy het in 2010 by Grey Kollege in Bloemfontein gematrikuleer en daarna by die Universiteit van die Vrystaat studeer. Hy is met die liefde van sy lewe, Sunel, getroud.

Lourens het in 2011 met sy studies by Kovsies begin. Met 'n liefde vir sport, het hy besluit om menslike bewegingskunde te studeer terwyl hy in vakansies vir ekstra geld gewerk het. Die vakansiewerk wat die grootste impak op sy lewe gehad het was in KwaZulu-Natal, waar hy die geleentheid gekry het om op een van die groot plase uit te help. Dit was tydens dié ervaring wat hy besef het hoe groot sy passie en liefde vir boerdery is.

Na sy studies het Lourens besluit om Amerika toe te gaan en daar op 'n plaas te gaan werk. Hy het altyd geweet dat boerdery in sy bloed is. Albei sy oupas was bekend in die landboubedryf in hulle gebiede en met hul spesifieke gewasse. Dit is vir hom 'n groot voorreg om vandag in hulle voetspore te kan volg. Met sy terugkoms het hy saam met sy oom begin werk op 'n plaas en saam het hulle in pekanneutbome belê.

Sedertdien boer hulle al die laaste drie en 'n half jaar met groente en pekanneute, en die boord is nou so gevestig dat dit minimale aandag vereis. In hierdie tyd het sy pad met dié van Laeveld Agrochem en Agri Technovation se span gekruis. Ian Share, wat die Addo-depot besit, was hulle agent.

Onder leiding van Ian het Lourens by die Addo-span aangesluit en gereeld saam met hom kliënte besoek. Die blootstelling wat hy in die boorde gekry het, het sy passie en liefde vir sitrus weer opnuut wakker gemaak.

Lourens is nou twee jaar in Addo waar hy die moniteringspan bestuur en vir Ian soveel as moontlik bystaan. Hy het ook sy eie kliënte wat hy diens en het intussen sy CropLife-kwalifikasie verwerf met sy BASOS-kwalifikasie in proses. Hy beoog ook om in die toekoms 'n landbougraad agter sy naam te kry.

Lourens werk hoofsaaklik in die Addo-omgewing. Hoewel hy meestal met sitrus werk, is daar ook groente en ander gewasse wat deur hulle gediens word.

Dis vir hom 'n wonderlike voorreg om saam met Sunel die natuur te geniet en hulle spandeer die meeste van hul vrye tyd daar of op die plaas tussen die pekanneute.

Volgens Lourens lewe en boer vandag se landbouers in baie interessante tye. Sy doelwit is om kliënte te ondersteun en deur dié tye by te staan – natuurlik met behulp van al die hulpbronne wat tot sy beskikking is. Aangesien tegnologie in vandag se lewe 'n groot deel van boerdery is, wil hy kliënte met die ondersteuning van Agri Technovation blootstel en lei om tegnologie tot hul voordeel te gebruik.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om oor die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.